Spreuke vir die tiener verklaar

Elke tiener se verantwoordelikheid met wat God vir jou sê – Spr 7:1

Dr. Nico van der Merwe

Spreuke 7:1 – "Maak wat ek vir jou sê jou eie, my seun, hou by wat ek jou voorskryf."

Net soos in Spreuke 2:1b sluit Spreuke 7:1 aan by die normale menslike optrede soos wat ons dit daagliks van die mens sien en ervaar. Wie 'n kosbare skat besit, sorg dat dit baie goed gebêre word. Mense tref die noukeurigste voorsorgmaatreëls om hulle waardevolle besittings veilig te bêre. Baie mense besit 'n brandkluis waarin hulle hul persoonlike skatte soos juwele, goud, diamante en munte veilig wegsluit. Ander maak gebruik van fasiliteite by 'n bank. Presies dieselfde gedagtegang kom in Spreuke voor, om wat God vir jou sê, jou eie te maak. Letterlik beteken dit om *God se gebooie by jou (in jou) te bewaar.*

- Hier word presies dieselfde werkwoord gebruik as wat ons in Eksodus 2:2 vind: Moses se ma het hom drie maande lank *weggesteek.*
- Ook in Josua 2:4 kry ons dieselfde woord. Die twee verkenners kom by Ragab in Jerigo en toe die gevaar hulle bedreig, het sy die twee manne *weggesteek.*
- In Psalm 27:5 word die woord ook gebruik: Op die dag van gevaar sal die Here my *wegsteek* in sy huis.

Die Here sê dus vir jou as tiener:

- Ek praat met jou.
- Ek beveel jou.
- Ek gee jou my gebooie.
- Ek maak my wil aan jou bekend.
- Steek dit weg in jou hart.
- Bêre dit veilig daar.
- Koester dit as iets wat baie kosbaar is.

Vanuit die gelykenis van die saaier (Matt 13) weet ons dat die duiwel God se Woord en wet uit ons hart en lewe wil wegneem. Wanneer die mens ongeërg is ten opsigte van God se Woord, of lusteloos daarmee omgaan, kom die duiwel en neem die saad van die Woord uit daardie hart weg soos wat voëltjies saadkorrels wat op 'n harde pad lê, oppik. Wanneer dit gebeur, verloor die mens die kosbaarste skat wat hy kan droom om te besit.

- God wil hê dat sy boodskap en gebooie in jou hart sal bly (Kol 3:16).
- Wat Hy leer, moet jy ter harte neem (Job 22:22).
- Jy moet dit in jou hart bewaar (Luk 2:19 en 51).

Jou hart is die brandkluis waarin jy die skatte van God se Woord *wegsteek* of *bewaar* om jou lewe daarmee te versier, om koers te hou. Dat die blye evangelie van redding en verlossing inderdaad 'n skat is, dit het Paulus al geskryf (2 Kor 4:7). God se voorskrifte kan jy dus wel hoor. Dit kan aan jou verkondig word sodat jy dit jou eie maak. Dit kan sommer ook by jou verbygaan. Dis gevaarlik. Dis skadelik. Dis onverantwoordelik. Bid tot God met die volgende woorde in jou hart: *Maak my in u guns weer lewend, Dat 'k u woorde kan bewaar. Amen* (Ps 119:32). [SV]